

27 APRIL

SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 29:38-46
FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 29:41b

Die tabernakel as God se heilige woonplek onder sy volk

Dit wat elke oggend en aand op die brandofferaltaar as offers aan God moet kom, word noukeurig beskrywe. Twee jaaroud lammers, uiteraard sonder gebreke, moet saam met meel, olie en wyn gemeng, geoffer word. Dit was 'n vuuroffer tot lof van die Here. Dit getuig van die gelowige volk se algehele oorgawe aan Hom. So sal hulle hul bevryding uit Egipte onthou en altyd weer besef dat die Here hul God is. Met so 'n volgehoue daaglikse offer sal die Here voortdurend teenwoordig wees met sy seënende krag op hul pad deur die woestyn. Daar by die ingang van die tent van samekoms, by die brandofferaltaar sal die Here sy volk ontmoet en met Moses praat.

Toe Johannes die Doper in Johannes 1:29-42 na Jesus wys en sê: “Dáár is die Lam van God ...” het al hierdie simbole uit die Ou Testament hul volle betekenis begin kry. Jesus was die volmaakte Lam wat vir ons geslag is sodat Hy deur sy Gees elke dag in ons kan woon en teenwoordig kan wees. Die meel, die wyn en olie van die vuuroffer kry in Jesus ware betekenis. Daar in die verre Ou Testament is al vooruitgesien dat sy liggaam soos gebakte meel, soos brood gebreek gaan word.

Sy bloed sal soos wyn vreugde bring en sy Gees sal soos olie salwend oor ons hele lewe vloei. Die Lam van God is die laaste en voldoende offer wat God die Vader sal aanvaar. Hy word by die ingang na die ewigheid, by die poorte van die dood vir ons geoffer sodat elke gelowige vrye toegang tot God kan hê. So kom woon en leef God saam met ons om altyd by ons te wees. Ons sal die seëninge van sy Gees alleen ervaar wanneer die Here deur sy Gees nie net op ons voorstoep by die ingang van ons lewe staan nie, maar wanneer Hy in ons hele huis, tot in die agterkamers van ons gemoed ingetrek het. Ken u Hom so?

Sing: Skrifberyming 1-4:1, 2

Dr Jan Venter (Pretoria-Annlin)